Benoni

Benoni is Benoni omdat niemand anders Benoni wou wees nie. In 1881 het die landmeter-generaal gesukkel om name te kry vir al die lappies staatsgrond en na bewering na die Bybel gegryp. Benoni is Hebreeus vir 'seun van smart.' Vandag spog Benoni met die Oscarwenner Charlize Theron en 'n relprent, Straight Outta Benoni, oor van sy minder suksesvolle kinders. Daar's ook mynhope en mere. Genugte doen die rondte dat Benoni die plek is met die meeste perdestalle per vierkante meter suid van die ewenaar.

Hoërskool Brandwag

Skoolgeskiedenis

In 1916 het die Afrikaanse ouers op die Oos-Randse Skoolraad 'n beroep gedoen om 'n Nederlandse skool vir hul kinders. In 1917 is die Nederlands Medium Skool gestig. Die eerste hoof was prof. JAS van Heerden, wat later die rektor van Pretoriase Onderwyserskollege sou word. Brandwag is die tweede oudste Afrikaansmedium-skool in Gauteng. Die skool het met 307 leerders in ses klaskamers in die voorstad Northmead begin. Die skool se naam is 1929 in Brandwag verander. Die leerlingtal het vinnig aangewas, en teen 1934 het Brandwag meer as 1000 leerders gehad. Vandag is daar steeds sowat 'n duisend. RJ Pieterse is die huidige skoolhoof.

STIGTINGSDATUM: 1917
LEUSE: WAAR WENNERS WOEKER
ADRES: TYPHOONSTRAAT, NORTHMEAD, 1500
WWW.HSBRANDWAG.CO.ZA

FNB



"Ek het nooit by die Cravenweek of selfs vir Brandwag se 1ste span gespeel nie, hoewel ek altyd gedink het dat ek vinnig genoeg was om die span te haal. Toe ek in matriek was, het Brandwag die Administrateursbeker gewen. Dit was 'n ongelooflike prestasie, veral as in ag geneem word dat dit ooreenstem met die Beeld-trofee, waarom al die beste spanne in Pretoria en Johannesburg meeding.
Iemand wat dieselfde agtergrond as ek het, sou vandag beswaarlik die Cravenweek kon haal. Dit lyk asof die universiteit of Rugbyakademie die enigste plekke is waar 'n skoolseun kan ontwikkel, maar selde op gewone klubvlak. Beroepsrugby het alles verander, en dis werklik jammer dat die Cravenweek al plek is waar die seuns gekies en gekontrakteer word."

— Gerrie Germishuys (1966)

Brandwag Rugby

Brandwag speel 'n die Valke-liga vir mediumskole en is een van die voorste skole in die gebied. In 1966 het die skool die Administrateursbeker, nou die Beeld-trofee, verower. In 2002 en 2003 het hulle die prestasie herhaal. In 2004 het hulle in die finaal verloor. In 2003 was hulle nasionale kampioene deur Media 24 se Nasionale Kampioenskapstoernooi vir mediumskole te wen. Hulle het Afrikaans Hoër Kroonstad met 25-20 in die eindstryd op Ellispark geklop. In 2007 het hulle die Super-16 gewen deur Westvalia met 24-3 in die eindstryd te klop. Jaarlikse derbies word teen Oosterlig van Boksburg en Hugenote van Springs gespeel. Brandwag is veral trots op sy twee Springbokke, Gerrie Germishuys en Johan Ackermann. Ackermann was die oudste speler ooit in 'n Springboktrui op 37 jaar en en 34 dae. Dit was in 2007 teen die Wallabies in Sydney. Sy eerste wedstryd was in 1996 in Pretoria teen Fiji. Dié lang slot het in dertien toetse gespeel. In 2008 sal hy sy laaste seisoen in beroepsrugby vir die Sharks speel.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Gerrie Germishuys
Johan Ackermann

"Die klein tradisies by 'n skool bly 'n mens gewoonlik die langste by. Ons het 'n klein beertjie in ons rugbykleure aangetrek, en die span het aan hom geraak terwyl hulle op die veld hardloop. Maar wat niemand anders gesien het nie, is hoe erg die nuwe spelers in die 1ste span verwelkom is. My beste herinnering is toe ons die Benoni City Times-trofee in ons nuwe trui ingepalm het. Dit was in die eerste jaar van die kompetisie."

- Johan Ackermann (1988)